Nuwe momentum vir gemeenskapsdiensvonnisopsie

Mnr W F Krugel, Streekhofpresident, Pretoria is sedert 1981 voorsitter van die Departementele Werkgroep: Oorbevolking van Gevangenisse. Die redakteur het mnr Krugel uitgenooi om ons lesers in te lig oor 'n vonnisopsie wat reeds vir etlike jare die Werkgroep se aandag geniet en wat tans opnuut in die kalklig is, naamlik gemeenskapsdiens. Dit hoef nouliks gesê te word dat dit in belang van sowel die veroordeelde as die gemeenskap is dat gevangenisstraf slegs toegepas word indien daar geen ander uitweg bestaan nie. Ons plaas dus die onderstaande bydrae wat van mnr Krugel ontvang is.

Sedert 1963 toe bogenoemde tipe vonnisoplegging sover bekend vir die eerste maal in Suid-Afrika toegepas is, het daar heelwat water in die see beland, en tog is gemeenskapsdiens steeds in sy kinderskoene. Gesien teen die agtergrond van die geskiedenis van vonnisoplegging wat oor die eeue heen terug strek, is 'n vonniswyse wat 25 jaar oud is in 'n land soos Suid-Afrika splinternuut. Selfs in die res van die wêreld, waar gemeenskapsdiens 'n bietjie ouer is, bly dit 'n nuwe vonnisopsie, iets wat ook in Suid-Afrika uitgebou kan word tot 'n sinvolle beskikkingsmoontlikheid vir sommige van die oortreders wat deur geregshowe gestraf moet word. Die gebruiksfrekwensie van dié opsie is egter vandag nog maar baie laag. Die Werkgroep: Oorbevolking van Gevangenisse, wat op 'n voortdurende grondslag binne die Departement van Justisie aandag gee aan metodes om die probleem van te veel mense in die gevangenisse van die land te probeer verhelp, het 'n opname gedoen van alle vonnisse van distrik- en streeklanddroshowe wat gedurende die periode 1 Oktober 1986 tot 31 Desember 1986 opgelê is. Van die 194 976 vonnisse is 30 270 geheel of gedeeltelik opgeskort. Van laasgenoemde getal was daar 2 454 gevalle waarin daar positiewe opskortingsvoorwaardes opgelê is, dit wil sê voorwaardes betreffende skadeloosstelling, of 'n voordeel vir of diens aan die benadeelde persoon, of gemeenskapsdiens, of onderwerping aan opleiding of behandeling of aan toesig of beheer, of verpligte bywoning van of inwoning by 'n bepaalde sentrum vir 'n bepaalde doel, ensovoorts. (Vergelyk artikel 297(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977.)

Slegs 56 van die vonnisse is opgelê met gemeenskapsdiens as voorwaarde. Dit verteenwoordig steeds net 'n geringe breukdeel van die aantal vonnisse waarin van opskortingsvoorwaardes gebruik



gemaak is en is feitlik heeltemal onbeduidend as 'n persentasie van die groottotaal vonnisse wat opgelê is. Die grafiese voorstellings hieronder gee 'n goeie beeld van die absoluut minimale gebruik wat vandag nog van gemeenskapsdiens as 'n beskikkingsmoontlikheid gemaak word.

Redelike vordering met gemeenskapsdiensvonnisse

Vergeleke met die situasie 25 jaar gelede is daar egter al redelike vordering met die oplegging van vonnisse wat gemeenskapsdiens insluit. Nie slegs gemeenskapsdiens nie, maar ook ander tipes positiewe op-

VONNISSE OPGELÊ
1 OKT 1986 – 31 DES 1986
(LANDDROS- EN STREEKHOWE)



GEMEENSKAPSDIENS
1 OKT 1986 – 31 DES 1986



skortingsvoorwaardes, het darem al beter beslag gekry en gewilder geword sedert die aanbevelings van die Viljoenkommissie die bal oor alternatiewe beskikkingsmetodes aan die rol gesit het. Dit is egter nodig dat die benuttingstempo van hierdie tipe beskikking versnel word. Om 'n nuwe vonnisopsie te vestig is geen eenvoudige taak nie.

Twee begrippe

Gemeenskapsdiens gaan om twee duidelike, omlynbare begrippe, en die twee begrippe is onlosmaaklik van mekaar. Dié soort vonnis raak in die eerste plek die gemeenskap direk, want die oortreder word nie daaruit verwyder nie. Die gemeenskap moet dus betrokke wees. Wanneer oor gemeenskapsdiens besin word, is oorwegings soos gevangenisoorbevolking, die beperkte nut van gevangesetting as rehabilitasiemiddel en die risiko van die moontlike nadelige invloed wat gevangenisstraf mag hê op oortreders wat vir die eerste maal daarmee kennis maak, welbekende begrippe. Die voor- en nadele is ewe bekend, asook die oorwegings wat moet geld wanneer die seleksie van oortreders wat vir so 'n beskikking in aanmerking kan kom, onder die loep geneem word. Die kernoogmerk met gemeenskapsdiens moet egter altyd die gemeenskap se belang wees, en die belangrike vraag is derhalwe nie slegs in die breë na die gemeenskapsbelang nie, maar in die besonder na wat die ware behoeftes van die gemeenskap is.

Tweede eienskap

Die tweede eienskap wat die aard van hierdie beskikkingskeuse bepaal, is die begrip van diens. Dit is diens deur 'n oortreder aan die gemeenskap. Dit impliseer dat die oortreder sy kragte, sy talente en sy tyd op 'n wyse wat die hof voorskryf tot die beskikking van die gemeenskap moet stel en dat die gemeenskap dit moet benut. Op sy beste sal sowel die oortreder as die gemeenskap die grootste baat daarby vind as die oortreder te midde van, tussen en in die belang van sy eie onmiddellike mense diens kan lewer. So 'n ideale toestand sal seker nie altyd moontlik wees nie, maar daar kan nooit uit die oog verloor word nie dat die ontworteling van enige persoon uit 'n lewenslokaal gewoonlik vir homself en vir sy gemeenskap nadele inhou wat nie bloot deur 'n terugplanting in dieselfde milieu herstel kan word nie. Daar moet dus aandag gegee word aan skemas om bestaande menseverhoudings en bande ook by die uitoefening van hierdie beskikkingsopsie behoue te laat bly en indien moontlik te versterk.

Vergoeding van skade gely as gevolg van gemeenskapsdiens

Wat wetlike voorsiening betref, skakel artikels 20 en 21 van Wet 33 van 1986, wat met ingang van 1 Februarie 1989 in werking gestel is, die grootste besware uit wat in die verlede teen die benutting van gemeenskapsdiens as positiewe vonnisvoorwaarde geopper is. Voorsiening word nou gemaak vir die vergoeding van skade wat uit sulke voorwaardes mag ontstaan. Na verwagting sal veel meer welsynsorganisasies, gemeenskapstrukture en inrigtings nou bereid wees om oortreders wat andersins na gevangenisse sou moes gaan vir gemeenskapsdiens te aanvaar en oor hulle toesig te hou.

Skema in Kaapstad

Die eerste daadwerklike poging om gemeenskapsdiensvonnisse op 'n gereelde grondslag in Suid-Afrika as 'n beskikkingsmoontlikheid te ontgin is tien jaar gelede in Kaapstad van stapel laat loop. Die aanvanklike voorbereidingswerk het in November 1980 gekulmineer in die eerste paneelsittings en die toepassing van dié vonnistipe. Die destydse Permanente Strafhervormingskomitee, wat op aanbeveling van die Viljoenkommissie geskep is, die Kaapse tak van die Nasionale Instituut insake Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders, beter bekend as NIMRO, die plaaslike hooflanddros, beamptes van die departemente wat met welsynsdienste belas is en andere het positief saamgewerk en 'n plan ontwerp om vonnisopleggers te oorreed om van hierdie tipe vonnisse gebruik te maak. Dit het stadig begin. In die eerste jaar is daar maar ses gevalle hanteer. Teen Julie 1983 was daar altesaam nog maar 'n skrale 125 sulke gevalle oorweeg. Sedertdien het die frekwensie gaandeweg toegeneem. Tot dusver is altesaam 701 gevalle oorweeg deur die paneel wat deur die Kaapstadse kantoor van NIMRO gekoördineer word. Die totaal vir die Skiereiland is heelwat meer, want die NIMRO-kantoor by Tygerberg hanteer ook 'n bykomende getal sake met 'n eie paneel. Die paneel in Kaapstad het 85 van hierdie gevalle afgekeur en die howe 'n verdere 109 gevalle. Die sukseskoers ten opsigte van die gevalle waar gemeenskapsdiens wel opgelê was, is hoog. Slegs 7% van die oortreders moes weer voor die hof verskyn. In die jaar Julie 1987 tot Junie 1988 is altesaam 237 persone vir oorweging voor die howe in die Kaapse Skiereiland geplaas, uitgesonderd persone in die noordelike voorstede, wat deur die tweede paneel by Tygerberg hanteer is.

Inisiatiewe op ander plekke

Inisiatiewe op ander plekke het gaandeweg ook beslag begin kry en nuwe groeipunte vir die benutting van gemeenskapstraf het wyd verspreid ontstaan. Benewens Wynberg, Bellville, Stellenbosch, Tulbagh, Malmesbury en ander sentra wat na aan Kaapstad geleë is, is gemeenskapsdiensvonnisse reeds in Britstown, Port Elizabeth, Vryburg en Fraserburg in Kaapland en ook op verskeie plekke in die ander provinsies benut. Dit is noodsaaklik dat dié groei gestimuleer en die gebruik van dié tipe vonnis gevestig word as staande praktyk. Nuwe groeipunte moet ook ontwikkel word.

Infrastruktuur vir gemeenskapsdiens

Vars inisiatief en nuwe stukrag van tyd tot tyd is besonder welkom. Dit is onlangs weer verskaf tydens die simposium oor die implementering van gemeenskapsdiensvonnisse by Unisa op 2 Julie 1988. By hierdie geleentheid het die Minister van Justisie bekend gemaak dat hy reeds opdrag gegee het dat die infrastruktuur vir gemeenskapsdiensvonnisse so gou moontlik geskep moet word. Dit is vanaf 1 Februarie 1989 saam met die inwerkingtrede van die wetsbepalings waarna reeds verwys is aangevoor. 'n

Omvattende omsendbrief van die Departement van Justisie in dié verband is reeds aan alle landdroste, griffiers en prokureurs-generaal beskikbaar gestel. Die basis van die infrastruktuur wat nou tot stand kom is 'n koördinator wat by elke landdroskantoor aangestel word en wat verantwoordelik sal wees vir die plaaslike organisering, ontwikkeling en bedryf van gemeenskapsdiens. Hy sal uit die aard van die saak met die onderskeie welsynsdienste en plaaslike owerhede skakel. In distrikte waar die dienste van NIMRO of ander soortgelyke instansies beskikbaar is, sal skakeling ook met sulke instansies geskied. Die koördinering van wat plaaslik beskikbaar is en die verkryging van samewerking tussen alle betrokkenes sal dit dan vir die howe moontlik maak om meer geredelik gemeenskapsdiensvonnisse op te lê.

Verdedigingsraadsmanne se rol

Verdedigingsraadsmanne het 'n aansienlike rol te speel om die oplegging van gemeenskapsdiens te laat toeneem. U verantwoordelikheid teenoor en bemoeienis met u kliënte stel u uiteraard in staat om 'n goeie aanduiding te kan gee of so 'n kliënt 'n geskikte kandidaat vir gemeenskapsdiens mag wees. Getuienis van 'n gepaste plasingsinstansie wat sal toesien dat die betrokke persoon 'n sinvolle diens lewer, sal 'n hof in staat stel om gemeenskapsdiens as vonnisopsie te oorweeg. Dit is te verwagte dat insette van die koördinators wat aangestel word ook die raadsman se taak om getuienis voor die hof te plaas sal vergemaklik. Die omgekeerde is ook waar. Insette van raadsmanne wat vooraf self die nodige navrae gedoen het en sinvolle voorstelle vir gemeenskapsdiensplasings in bepaalde gevalle kan doen, sal baie welkom wees. Presiese getuienis en konkrete voorstelle oor vonnis is altyd vir die vonnisoplegger van groot hulp. Raadsmanne het in die verband ook die verantwoordelikheid om nie kliënte wat klaarblyklik slegs vir gevangenisstraf kwalifiseer in opgepoeierde vorm aan die howe voor te hou as geskikte kandidate vir gemeenskapsdiens net om hulle uit die gevangenis te hou nie. Dit sou duidelik teen die gemeenskapsbelang wees, en die belang van die gemeenskap is juis een van die kernoogmerke met gemeenskapsdiens. Verder is dit belangrik om in gedagte te hou dat daar ook ander alternatiewe vir gevangenisstraf bestaan. Periodieke gevangenisstraf is 'n baie goeie alternatief vir deurlopende gevangenisstraf wat selde gebruik word, maar waarvoor nog meer selde betoog word. In die hooggeregshof is alternatiewe vir gevangenisstraf dikwels irrelevant by straftoemeting. Daar word ook nie betoog dat gemeenskapsdiens maklik vanpas sal wees in gevalle van ernstige misdaad nie. Maar selfs in die hooggeregshof sal uitsonderings sonder twyfel voorkom.

Gemeenskapsaanvaarding

Voor die simposium waarna hierbo verwys is, was daar reeds positiewe aanwending van gemeenskapsdiensvonnisse, veral in enkele landdrosdistrikte. Hierdie inisiatiewe moet gehandhaaf en uitgebou word. Dit dien as voorbeeld van wat gedoen kan word, en behoort die grootste moontlike steun te geniet. Die vonnisopsie moet ook bemark en uitgebou word in alle howe in die land.

Ten slotte is die volgende opmerking van A St. Q Skeen, *Community Service Orders,* 1988 1 *SAS* 206 op 210 gepas:

> "Community approval for this type of sentence is important and must to some extent be crucial to the long term survival of community service orders."

Die lesers van u tydskrif is natuurlik ook lede van die gemeenskap, maar in hulle geval besonder kundige lede. Die aanvaarding van gemeenskapsdiens onder hulle is baie belangrik vanweë die opvoedingstaak wat daaruit kan voortvloei.

Voorbeelde

Op versoek van die redakteur het mnr Krugel die volgende praktiese voorbeelde van gemeenskapsdiensvonnisse verstrek:

(a) Pretoriase streekhof, saak no 14/1041/88: 'n Twee-en-vyftig-jarige vrou is aan twee minder ernstige winkeldiefstalaanklagte skuldig bevind. Dit het egter geblyk dat sy sedert 1972 by ses geleenthede weens diefstal en bedrog skuldig bevind is en dat sy in die proses opgeskorte vonnisse en boetes opgelê is; daarby het sy vyf jaar gevangenisstraf uitgedien. Die verhoorlanddros het die saak vervolgens uitgestel en 'n proefbeampteverslag aangevra.

'n Paneel bestaande uit twee kriminoloë, 'n maatskaplike werker, 'n proefbeampte en twee beamptes van NIMRO het na ondersoek aanbeveel dat die beskuldigde 500 ure gemeenskapsdiens binne 9 maande verrig by 'n tehuis vir bejaardes, waar sy op Woensdae en Vrydae in die kombuis en dienssentrum moes help en oor naweke betrokke moes wees by besoeke aan vereensaamde bejaardes, help met harewas, inkopies, ensovoorts.

Benewens enkele praktiese reëlings, is daar ook aanbeveel dat die beskuldigde onder die toesig van 'n proefbeampte geplaas word. Hierdie aanbevelings is net so deur die hof aanvaar, en ses jaar gevangenisstraf is opgelê en opgeskort op genoemde voorwaardes.

(b) In die distrikhof in Pretoria, saak no E25/430/88, 17 Junie 1988, is gemeenskapsdiens ook opgelê in die geval van 'n 43-jarige man wat aan dronkbestuur skuldig bevind is. Die beskuldigde was 'n eerste oortreder, maar 'n selferkende alkholis wat reeds behandeling vir dié probleem ontvang het. Hy was wel in 'n ongeluk betrokke, maar daar was nie ernstige skade nie. Die landdros het 'n proefbeampteverslag aangevra, wat vyf weke later in die hof voorgelê is. Nadat die beskuldigde nog verdere getuienis ter versagting aangebied het, het die landdros besluit om die saak vir twee weke te verdaag om gemeenskapsdiens te oorweeg. Vir dié doel is 'n proefbeampte genader. 'n Paneel bestaande uit 'n sielkundige, 'n kriminoloog, twee proefbeamptes en twee beamptes van NIMRO het aanbeveel dat die beskuldigde 200 ure gemeenskapsdiens binne sowat 4 maande verrig. Hy sou by die stadsraad administratiewe werk doen. Die beskuldigde is nege maande gevangenisstraf opgelê en dit is opgeskort op die voorgestelde voorwaardes, wat ook ingesluit het dat hy onder toesig van 'n proefbeampte geplaas word.

(c) In die distrikhof van Malmesbury, saak no M473/88, 19 Julie 1988, het 'n sakeman voor die

landdros verskyn op aanklagte weens oortredings van die Wet op Seevisserye, 1973. Hy het onder andere 'n klomp krewe wederregtelik vervoer en besit. Dit was sy tweede soortgelyke oortreding. Die landdros het met die kantoor van die hoofvisseryebeheerbeampte in verbindig getree in verband met die moontlikheid van gemeenskapsdiens, en die instelling was bereid om die beskuldigde aan diens te plaas en oor hom toesig te hou. Die beskuldigde is toe gevonnis tot een jaar gevangenisstraf op elke aanklag. Die vonnis is opgeskort op voorwaarde, onder andere, dat die beskuldigde een week lank daagliks by die Tak: Marinebeheer van die Departement Natuur- en Omgewingsbewaring aanmeld en algemene dienste in die kantore, store of koelkamergeriewe verrig.

Verdere voorbeelde is te vinde in:
S v Mangcola and others 1987 3 SA 791(K); *S v Khumalo* 1984 4 SA 629(W); *S v Ferreira* 1975 1 SA 448(0); *S v C* 1973 1 SA 739(K); en *S v Bock* 1963 3 SA 163(GW).



Boekbesprekings

***Judge and be judged,* Adrienne E van Blerk**
Juta & Kie Bpk – Kaapstad/Wetton/Johannesburg 1988.
196 Bladsye. Prys R48 plus VB

In hierdie hoogs leesbare boek kyk prof Van Blerk met 'n kritiese oog na die kritiek wat deur die jare, en veral in die laaste dekade of twee, op die Suid-Afrikaanse regbank uitgespreek is. In verskeie gevalle, en aan die hand van baie deeglike navorsing, toon sy aan dat hierdie kritiek oordrewe is, of ten minste nie heeltemal billik nie.

Die rol en optrede van die pers, akademici, die regsprofessie en lede word onder die loep geneem wat betref hul kommentaar op die optrede en gehalte van die regbank, onder meer oor sake soos die kwessie van ras as 'n faktor in vonnisoplegging, die houding van die regbank teenoor sekuriteitsaangeleenthede, en aanstellings op die regbank. In die proses is daar onder meer hoogs interessante en gedetailleerde besprekings van die vervolging van wyle prof Barend van Niekerk in die vroeë jare sewentig, die debat wat deur Edwin Cameron aangevoor is oor Hoofregter L C Steyn se bydrae tot ons regspraak, en die omstrede aanstellings deur die jare op die regbank. Prof Van Blerk se vernaamste gevolgtrekking is dat die regbank in die laaste paar dekades minder sensitief geword het vir kritiek, maar dat baie van die kritiek wat in hierdie tyd teen die regbank gerig is, veel dikwels nie billik was nie, en heel dikwels daarom onnodige skade aan die aansien van die regbank aangerig het.

Prof Van Blerk se boek is gegrond op haar doktorstesis en toon die grondslag van deeglike akademiese navorsing. Desondanks is dit in 'n hoogs leesbare vorm aangebied en is dit feitlik verpligte leesstof vir enigeen wat belangstel in die werking en rol van die Suid-Afrikaanse regbank.

(Terloops, op bladsy 105 lyk dit of die skryfster, ondanks haar nougesette aandag aan detail, Williamson AR met Williamson R verwar het.)

T D POTGIETER, Kaapse Balie

THE NEW LABOUR RELATIONS ACT – The Law after the 1988 Amendments.
By Cameron, Cheadle and Thompson. Juta & Co Ltd 1989.
Price: R58,00.

In South Africa no field of law has ever undergone a more rapid and extensive development than the field of Labour Law has in the past decade. Seldom has any subject been more relevant to the daily existence of by far the greater part of the population. The need for proper literature to equip the participants in this field with the knowledge and skill they need, is obvious. It is for this reason that one cannot but have respect for the authors of this book in not contenting themselves with their monumental contributions in "The New Labour Law", Brassey, Cameron, Cheadle and Olivier, in 1987, but in again taking the lead in supplying the Labour Law-community with a book which, for the present, is indispensable.

Now, to the book itself: The second part of the title, "The Law after the 1988 Amendments", might be somewhat misleading as the book does not encompass the whole field of Labour Law. What it does do, however, is to address the 1988 amendments to the Labour Relations Act and to provide an overview of salient features of the law as it stands, taking into account the said amendments.

The book can be divided into two parts: First, the text, which comprises six chapters over 129 pages, and secondly, the Labour Relations Act with annotations to the 1988 amendments, and the Regulations.

In the first chapter, "Introduction to the Act", (p 1-6), the broad scheme of the Act is described. The principle of industrial self-government, collective bargaining and the collective bargaining forums, the role of strikes and lock-outs as integral features of collective bargaining, the regulatory role of the Industrial Court and the inroads into the individual employment relationship, are discussed in a succinct, lucid and competent manner.

Vervolg op bladsy 46